Beproefde Geloof
Bring Resultate

Laat ons bly staan as julle sal, net vir 'n oomblik vir gebed. Sal julle nou julle hoofde buig terwyl ons die Outeur nader voor ons Sy Boek lees?

2 O God, ons kom weer in U Teenwoordigheid in vanaand met danksegging in ons harte. En ons dank U vir alles wat ons oë gesien en ons ore gehoor het: die groot, magtige, lewende God wat Homself bekend maak aan die seuns van die mens in hierdie dag, net voor die koms van Jesus in 'n vleeslike liggaam. En wanneer ons Hom sien, sal ons Hom liefhê, en weggevoer word in die lug saam met Hom om die Here te ontmoet, en vir altyd by Hom te wees. Dis die groot verwagtinge van ons harte soos ons daagliks wag, bid, verlang, werk, tot die ondergang van die son.

3 En, Here, soos ons vanaand, hier vergader het in hierdie gebou op die sabbat-aand, sou ons vra dat U ons 'n spesiale seëning sou gee vanaand, dat U die Engele uit die Hemel sou stuur dat hulle hulle posisies in elke paadjie en elke ry sou inneem. En mag hulle U Woord preek, Here, aan die harte van die mense. Besny die ore dat hulle kan hoor, besny die lippe wat sal spreek, en dan, Here, besny die oë wat sal kyk, en gee ons besondere geloof dat die groot krag van die lewende God deur ons mag vloei vanaand. En mag daar nie een swak persoon in ons midde wees, geestelik of fisies, wanneer hierdie diens sal eindig nie.

4 O Here, skenk hierdie dinge omdat ons U liefhet, en ons hou daarvan om U te aanbid, en U te vereer onder U mense. Ons het een doelwit, Here, dit is om U te dien, een motief: is om dit te doen op die manier wat U wil hê ons dit moet doen. So skenk aan ons U Heilige Gees vir hierdie dinge. Ons vra, in Jesus' Naam. Amen.

5 Net 'n paar aankondigings, en om gou reguit oor te gaan na die diens, as gevolg van, of, die boodskap, as gevolg van baie wat staan. Môre-aand, as die Here wil, wil ons graag 'n Evangelie boodskap vir julle hê, en die onderwerp sal wees: *Die Magtige Oorwinnaar.* En dan op Dinsdagaand, as die Here wil, wil ek praat oor: *Wanneer Die Arend Haar Nes Opwek En Oor Haar Kleintjies Broei.* Dan verwag ons om Woensdagaand 'n groot klimaks in die diens te hê, en bid dat daar, een of ander tyd op dié manier, iets sal gebeur met die mense, wat hulle harte aan die brand sal steek vir God, dat 'n outydse herlewing sal uitbreek in New England.

6 Dit word op die Weskus probeer, dit word in die Middel Ooste probeer, probeer in die Suide, maar skynbaar dat hierdie ons laaste plek is om te probeer, New England. Hier is waar ons voorvaders geland het vir hierdie vryheid van godsdiens op Plymouth Rock, dit was vanaf hierdie heilige grond af hier, dat biddende mans en vroue uitgegaan het om hierdie groot geestelike ekonomie te vestig, wat ons vandag bevoorreg is om te dien. Geen Amerikaner kon skaam wees vir hulle voorvaders wat in hierdie land geland het, wat kerk toe gegaan en gewere gedra het, wat hierheen gekom het vir godsdienstige vryheid, te perd gery het, weggesteek in ou waens, die Indiane beveg, ensovoorts, om kerk toe te gaan, daardie bloed het hierdie grond gebaai. As ons opreg sal wees en glo in die God waarin hulle geglo het, en Hom dien met dieselfde eerbied waarmee hulle Hom gedien het, sal ons weer 'n herlewing sien, en ek glo dit sal in New England begin. God is gewillig om dit te doen as ons gewillig is om dit te dra.

7 Ons sal nou na die Skrifte blaai om net te lees vir 'n teksie, om 'n konteks te kry, Markus die 11de hoofstuk en die 22ste vers, net een vers van die Skrif.

En Jesus antwoord en sê *vir hulle, Julle moet geloof in God hê.*

8 Ek wil dit graag vir 'n teks neem vanaand: "Julle Moet Geloof In God Hê." En die onderwerp sou dit wees: dat *Beproefde Geloof Bring Resultate.*

9 En nou, sê julle: "Broer Branham, vir 'n diens, en hier waar etlike honderde mense vergader het, dink jy nie dat jy 'n te klein teksie lees vir die grootte van hierdie gehoor vanaand, net vier woorde: 'Julle moet geloof in God hê,' nie?"

10 Nee, dis baie, dis genoeg. As ons net sal glo wat ons gelees het en optree daarvolgens, is dit genoeg om die hele wêreld te bekeer, dis genoeg om elke siek persoon te genees wat siek is in die hele wêreld vanaand: "Julle moet geloof in God hê." Dis 'n kwytskelding vir almal wat vergewe wil word; maar as dit 'n kwytskelding moet wees, moet dit as 'n kwytskelding ontvang word.

11 'n Tyd gelede, of, 'n paar jaar gelede in die vroeë dae van ons jong Amerika, word daar vir my vertel, dat daar 'n man was wat 'n militêre misdaad gepleeg het, en hy is skuldig bevind en is gevonnis om geskiet te word deur 'n vuurpeleton binne *soveel* dae. Maar 'n goeie man wat die president geken het, ek glo was Lincoln op daardie tydstip, hulle het na Mnr. Lincoln toe gegaan en gepleit vir die lewe van hierdie dierbare persoon, gesê: "Mnr. Lincoln, miskien het hy die misdaad gepleeg, maar u het die mag om hom vry te laat, of die mag om hom dood te maak." En gesê: "Hy's 'n sterfling, hy is grootgemaak in 'n goeie huis. Hoekom gee jy hom nie 'n kans nie?"

12 En Mnr. Lincoln, goedhartig, vrygewig, Christenheer soos hy was, hy het gesê: "Ek sal dit doen." En hy het op 'n stukkie papier geskryf: "Spreek *So-en-so* vry. Abraham Lincoln."

13 En die man het so vinnig as wat hy kon, na die gevangene gehardloop, en hy het gesê: "Meneer, ek het jou kwytskelding!" En hy het dit voor hom gelê.

"O," het hy gesê: "dis nie 'n kwytskelding nie, dis net 'n stuk papier."

Maar hy het gesê: "Dis jou kwytskelding, daar's Mnr. Lincoln se naam daarop, en hy's die president van die Verenigde State."

Hy het gesê: "As dit Mnr. Lincoln se korrekte papier was, sou dit goud geraamd wees, dit sou die seël hê, ensovoorts."

Hy het gesê: "Maar meneer, dis die president se handtekening!"

14 En hy het geweier om dit te ontvang, gedink die kêrel maak net die lewe meer ellendig. En die volgende oggend is hy geskiet teen sonsopkoms. En dan was daar 'n getekende verklaring van die president van die Verenigde State dat hierdie man vrygespreek is die vorige dag, en hier is hy geskiet. Wat nou? Dit is verhoor—verhoor in die federale howe van ons land, en hier was hulle besluit: "'n Kwytskelding is nie 'n kwytskelding, tensy dit as 'n kwytskelding ontvang word nie."

15 En dis wat elke Woord van God is, Dis verlossing vir hulle wat Dit so ontvang, en Dis genesing vir hulle wat Dit as genesing ontvang. Dis net vyf klein woordjies, maar wat beteken dit? "Julle moet geloof in God hê," of, vier klein letters, woorde.

16 'n Storietjie, so uitstaande, wat my altyd getref het, was 'n seuntjie wat ek geken het in Louisville, Kentucky. Eendag was hy bo in die ou solderkamer aan die rondsoek in 'n paar oudhede, en daar het hy in 'n trommel 'n posseëltjie gevind net omtrent een half-duim blokkie, dit het geel geword, die papier was nie veel nie. Maar die kêreltjie het gedink: "Jy weet, ek mag 'n tiensent daaruit kry om 'n roomyshorinkie te kry."

17 So daar het hy in die straat afgegaan na 'n seëlversamelaar toe, en hy het gesê: "Meneer, hoeveel sal jy vir my gee vir hierdie seël?"

18 Die versamelaar het die glas daarop gesit, hy het gesê: "Ek sal vir jou 'n dollarnoot gee." Gou is die transaksie gemaak, en die kêreltjie wat haas na die roomysstalletjie om al die roomys te kry wat hy kon vashou.

19 En die seëlversamelaar het daardie seël twee weke later verkoop vir vyfhonderd dollar, 'n bietjie later is dit verkoop vir vyfduisend dollar, die laaste wat ek gehoor het van die seël, is dit kwartmiljoen dollar werd. Dit was nie die papier nie, dit was nie die grootte nie, dis wat óp die papier is, wat tel.

20 En dit is nie die grootte van die teks wat ek gelees het nie, dit is ook nie die papier waarop dit geskryf is nie, dis wat Dit is wat ek geléés het, Dis die Woord van die Ewige God. Hemel en aarde sal nie meer wees nie, maar daardie Woord sal bly deur alle eeue en deur die Ewigheid heen, Dit kan nooit verander nie, Dis God se Woord; en kom ons nader Dit net so eerbiediglik as wat ons weet hoe.

21 Jesus wat sê: "Julle moet geloof in God hê." Die Boek van Hebreërs, 11de hoofstuk, het gesê dat geloof die vaste vertroue is van dinge waarop gehoop word, en die bewys van dinge wat nie gesien word nie. Nou onthou, dis nie net 'n intellektuele begrip van iets nie, dis 'n wesenlikheid, dis iets wat jy besit.

22 (Kom net 'n oomblik hier, meneer.) Hoeveel het al ooit die ou gesegde gehoor: "Sien is glo"? Ek wil julle wys hoe dwaas dit is. Daar is vyf sintuie wat die menslike liggaam beheer: sien, proe, voel, ruik, hoor. Ons weet dis reg. Nou, almal plaas soveel vertroue op wat hulle sien, maar dit is nie net presies reg nie.

23 Ek kyk na 'n man wat voor my staan, hy's langer as ek, en hy's nogal heelwat groter as ek. Hy het nogal 'n donker pak aan met klein—klein blommetjies soos in sy das. Hoeveel glo dis die waarheid? Omdat julle dit sien.

24 (Staan agter my. Ek wil jou hande hê.) Nou ek sien nie daardie man nie, maar tog weet ek hy's daar. Wil julle graag met my stry? [Gemeente lag—Red.] Hoe weet ek? Dis onmoontlik vir my om hom te sien. Maar ek het 'n ander sintuig, daardie sintuig is gevoel, ek het hom nou gevoel; ek kan hom nie sien nie. Dis dieselfde man, want hy het 'n ronde polshorlosie aan sy linkerarm gehad toe hy hiernatoe gekom het. So dit is dieselfde man, my sintuig van gevoel, verklaar hom net soveel as wat my sig sou, dan is sien nie glo nie, gevoel is nou glo. (Nou staan net 'n oomblik terug.) Nou ek kan hom nie nou voel nie, maar sien is glo. Nou is voel glo. Sien jy die verskil? (Dankie, meneer.)

25 (Speel 'n akkoord, een of ander bekende iets.) Hoeveel glo dat daar musiek speel? Steek jou hand op. Nou laat sak jou hand. (Dankie.) Hoeveel het dit gesien? Ek het gedink sien was glo. [Gemeente lag—Red.] Hierdie keer sien ek dit nie, ek voel dit ook nie, maar tog het ek 'n sintuig van gehoor, gehoor sê so.

26 Nou, *daardie* hemp is wit. En elkeen hier wat nie kleurblind is nie, weet dis wit. Geloof is wat? Die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word, die bewys van dinge wat jy nie sien, proe, voel, ruik, of hoor nie. Dis 'n ander sintuig, wat geloof genoem word. Die sintuie van die liggaam verklaar twee sintuie, die siel verklaar-. . ., ek bedoel, vyf, die siel verklaar twee: geloof en ongeloof.

27 Nou, as jou geloof sê, vanaand, dat jy genees gaan word, en jy weet dit en jou geloof verklaar dit, net soos jou sig sê dat dit wit is, is dit volbring. Julle het dit. Sien julle wat ek bedoel? "Dit

is die bewys van dinge wat nie gesien is nie." Mense wat geloof het, is nie bang nie. Daar word gesê dat lafaards tienduisende sterftes sterf, terwyl 'n held nooit sterf nie: iemand wat geloof het en glo.

28 Nou, as geloof die vaste vertroue is van dinge, is dit net soos hierdie: Wat as ek staan, doodgaan van die honger, en jy kom na my toe en sê: "Mnr. Branham, wat kan ek doen om jou lewe te red?"

Ek sou sê: "As ek een brood gehad het, sou my lewe gered word."

Jy sou sê: "Goed, Mnr. Branham, 'n brood kos vyf-en-twintig sent."

"Ja, meneer."

"Hier is jou vyf-en-twintig sent."

29 Nou, die vyf-en-twintig sent is nie die brood nie, maar dis die koopkrag van die brood. En sodra ek die vyf-en-twintig sent in my hande kry, kan ek net so bly wees oor my lewe wat gered word, as wat ek die brood kan eet, want ek het die koopkrag van die brood.

30 En wanneer jy glo dat God vir Jesus gestuur het om jou te genees en jy dit aanvaar het, is jy net so bly voor jy ophou seerkry, as wat jy is nadat jy, ek bedoel, jy's net so bly terwyl jy pyn en seerkry, as wat jy is na jou seer ophou, nog meer.

31 As ek die vyf-en-twintig sent gehad het, sou dit nie beteken dat ek die brood gekry het nie, maar ek weet, solank ek by die kruidenierswinkel kom, gaan ek die brood kry. Nou, ek sal dalk 'n lang tyd moet gaan, ek moet dalk deur doringbosse gaan, en—en oor hekke, en—en af oor die berge, en deur die valleie, maar die heeltyd juig ek, hou my vyf-en-twintig sent vas, ek sal die brood kry, want ek het die koopkrag.

32 Nou, dis wat geloof is. Geloof is iets wat jy kan wys en bewys dat jy dit het. Dis nie net denkbeeldige gemoed wat opgewerk is in 'n—'n geestestoestand nie, dis iets wat jy in jou besit het. Geloof is die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word, die bewys van dinge wat jy nie sien, proe, voel, ruik, hoor nie.

33 Nou, baiekeer . . . As daar enigiemand was wat toegerus moes wees om geloof te hê, is 'n student van die Bybel, iemand wat die Bybel gelees het, die Bybel geleer het, dit behoort die persoon te wees wat geloof het, maar partymaal is dit baie teenstrydig. Ek het mense op die platvorm gesien wat 'n goeie lewe gelei het, wat voor God wandel, oor die platvorm loop en nie genees word nie, en 'n prostituut wat na hulle kom en genees word.

34 God genees jou nie op die verdienste van jou verlossing nie, Hy genees jou op die verdienste van jou geloof, jy moet Hom glo. Want die Christen dink partymaal dat God dit aan hulle skuld, dat "Ek's 'n goeie persoon, ek het *so-en-so* gemaak," wanneer jy

dit in jou gedagte kry, sal jy nooit enigiets van God kry, totdat jy dit uit jou gedagtes kry nie. Jy skuld God, nie God wat jou skuld nie.

35 En let op, laat ons nou 'n paar Skrifte noem, of, karakters om net hierdie dingetjie te ondersteun wat ons gesê het. Eenkeer was Israel in oorlog met die Filistyne, en hierdie Filistynse leër het hulleself vergader aan een kant van die berg, en Israel het aan die ander kant vergader, daar het 'n vallei tussen hulle gelaat. En net soos die vyand, wanneer hy dink hy het die oorhand oor jou, dan kan hy pronk. Maar laat hy eenkeer in die hoek kom!

36 Nou, hulle het 'n yslike groot, amper 'n prehistoriese reus onder hulle gehad, en sy naam was Goliat; sy vingers was veertien duim lank, en sy spies was soos 'n wewersbalk, miskien so lank soos die helfte van hierdie saal. En kyk watter reuse, yslike kêrel was hy nie. So ek wil hê julle moet oplet hoe geslepe ongeloof kan word, hy het dit so gesê: "Here van Israel, waarom moet daar bloedvergieting wees? Hoekom moet dit wees dat almal van ons opgekap moet word? Kom ons onderhandel: Kies julle vir julle 'n man uit en stuur hom hiernatoe, as hy my doodmaak, sal ons julle dien; as ek hom doodmaak, dien julle ons." Sekerlik, die boonste hand, yslike groot reus, julle weet, een met 'n Ph.D., dubbel L.D. O, hy was regtig opgemaak en gereed, en hy het daardie uitdaging gemaak.

37 Net soos hulle vandag Christus na die nasies probeer bring het deur geleerdheid, deur beter gemeenskappe, deur YMCA's, ensovoorts. Daardie dinge is goed, hulle het hulle plek, maar dit sal nooit die plek van die Heilige Gees neem nie.

38 Kaptein Al Farrar, een van die FBI's van die jeugdiges, het een aand in Tacoma, nadat hy my gevolg het vir drie of vier weke, toe ek stellings gemaak het dat elke pennie geld opgeneem in my eie veldtogte, reguit na die regte doel gegaan het, en hulle het gehad 'n, 'n man daar het 'n seuntjie gehad, en hulle het hom in die diens ingestuur met 'n heup. . . die dokters het x-strale geneem, hy het geen heupbeen gehad nie. En toe die kêreltjie ingebring is, op 'n bed gelê het, het die Heilige Gees vir hom gesê wie hy was, wat gebeur het, sy klein geloof, en hom gevra om op te staan uit die bed uit. En die seuntjie het gehoorsaam en gespring.

Sy moeder het gesê: "Hy kan nie, hy het geen heupbeen nie!"

39 En hy het reg uit sy moeder se arms uitgespring en in die straat afgehardloop en geskree so hard as wat hy kon; sy moeder het op die bed geval waarin die seun gelê het. En hulle het hom toe afgeneem na die dokter om 'n x-straal te kry, Kaptein Al Farrar, en die dokter sê: "Hy het 'n volmaakte heupbeen."

40 Kaptein Al Farrar het my onder in die kelder ingeneem waar hulle daardie jong polisiemanne oplei om te skiet, terwyl daaronder gestaan het, het hy vir my gesê: "Broer Branham,

ek's 'n Baptis, maar ek wil graag weet van daardie Heilige Gees waarvan jy praat."

Ek het gesê: "Wel, Kaptein, dis vir Baptiste net soos dit vir enigiemand is.

En hy het gesê: "Broer Branham, reken jy Hy sal vir my die Heilige Gees gee?"

Ek het gesê: "Wie ook al wil, laat hom kom."

Hy het gesê: "Ek sal 'n mooi stel kamers iewers kry, en jy ontmoet my daar en miskien sal Hy ons die Heilige Gees gee. Ek sal die beste kamers kry wat daar in die stad is," Tacoma.

Ek het gesê: "Dis nie nodig nie, Kaptein."

Hy het gesê: "Wel, waarnatoe kan ek gaan dat Hy my sal ontmoet?"

Ek het gesê: "Net hier."

Hy het gesê: "In hierdie skietbaan?"

41 Ek het gesê: "Hy het eenkeer in die maag van 'n walvis ingegaan, en in 'n vuuroond vir een, en in 'n leeukuil vir een, Hy sal net hier na jou toe kom, Kaptein." En daar op sy knieë het hy sy hart vir die Here Jesus gegee, 'n geseënde man geword, lewe vandag en prys God. Sy hele mag, byna, het die Heilige Gees ontvang sedert hy het. O, daar's Iets egs, mense wat smag Daarna.

42 En hierdie groot Goliat het gesê: "Laat ons dit so kry."

43 Nou, as enige man in die hele leër van Israel in staat was om dit te doen, was dit Saul. Die Bybel het gesê dat hy kop en skouers bo elke man in sy leër was, hy was nader aan Goliat se grootte as enige man in die leër. En dan weer, hy was 'n kryger, hy het geweet hoe om te veg, hy het geweet hoe om 'n spies te hanteer, hoe om 'n skild op te lig, 'n hou af te weer, hy het manne opgelei, hy was 'n biskop, hy het geweet wat hy doen, maar tog, met al sy geleerdheid en al sy opleiding, was hy 'n lafaard, omdat hy God geglo het, maar hy het God nog nooit in aksie gesien, 'n ondervinding nie.

44 Dis waarom jy nie groot dienste in Amerika kan hê oor Goddelike genesing nie, dis 'n gebrek aan ondervinding. Mense weet nie wat God is nie, hulle neem hom net van een of ander soort historiese iets af, Hy's 'n teenswoordige-dag God.

45 So eendag, terwyl Goliat sy groot uitdaging gemaak het, was daar 'n ou klein, opgetrekte, soort van knopperige kêreltjie met 'n klein, skaapveljassie aan, sy pappa het vir hom 'n paar rosyntjies gegee, en, om 'n paar rosyntjiepasteie te maak, en was, hom opgestuur in die weermag om sy broers te ontmoet, sy naam was Dawid. En omtrent die tyd dat Dawid in die kamp aangekom het, het Goliat uitgekom en weer sy uitdaging gemaak: "Waarom kom daar nie paar van julle uit en veg teen my nie?"

46 Hy het dit op die verkeerde tyd gesê, daar was toevallig ’n klein, knopperige kêreltjie wat miskien nie veel geleerdheid gehad het nie, maar hy het vir God geken. Hy het nie die opleiding gehad wat Saul gehad het nie, maar hy het ’n God geken waarvan Saul niks geweet het nie. En hy het vir die manne van Israel gesê: “Wil julle vir my sê dat julle sal staan en daardie onbesnede Filistyn die leërs van die lewende God laat uitdaag? Ek sal teen hom gaan veg!”

47 O, goeiste! ’n Klein, krom, knopperige dingetjie! Die Bybel het gesê hy was rooi, net ’n ou seuntjie omtrent sewentien, agtien jaar oud, miskien soort van krom in sy skouers van harde werk. “Ek sal teen hom gaan veg!” Wel, hy kon een vinger geneem het en dit om sy middel gedraai het. Maar hy het moed gehad, want hy het geweet hy was reg.

48 En wanneer ’n man weet jy’s reg, kan niks jou beweeg nie. ’n Man lyk nie soos Moses het, *hierdie* kant toe en *daardie* kant toe nie; ’n ware dienskneg van God hoef nooit *hierdie* kant toe of *daardie* kant toe te kyk nie. Hy gee nie om, die frons van die vyand of die welbehae van ’n sekere man nie, hy geniet die gemeenskap van die Here God Wat hom gestuur het as hy weet waar hy staan. Hy gee nie om of sy vyande so is, óf of sy vriende oor hom glimlag nie, dit maak geen verskil aan ’n ware dienskneg van Christus nie, hy het ’n werk om te doen, en hy hoef nie te kyk en te sien: “Wat dink jy daarvan? Behaag dit jou?” nie. Hy kyk *hierdie* kant toe en geniet die Teenwoordigheid van die lewende God. Dis die probleem vandag, ons moet sien of ons denominasie dit glo. God wees genadig! As ek ooit by daardie plek kom, sal ek die Bybel toevou en die veld verlaat. Jy wil *God* behaag, het ’n opdrag.

49 Dawid het gesê. . . Hy het sy broers beskaam. Sy broers het gesê: “O, ons ken jou streke, jy probeer iets doen, om te probeer afwys.”

50 So die nuus het vir Saul bereik, Saul het gesê: “Bring daardie opgeskote hiernatoe.” Gesê: “Wat bedoel jy, man, wat so ’n opmerking soos daardie gemaak het? Jy’s niks anders as ’n jeugdige nie, en hy is ’n kryger van sy jeug af. Wel, jy het nie eens ’n kans nie!”

51 Dawid het gesê: “Meneer, laat ek net gaan.” Sien, hy het geweet dat God belowe het om Israel te seën. Wanneer God belowe, sal Hy by Sy belofte bly. God het belowe om Sy kinders te genees, Hy moet by daardie belofte bly; God het belowe om vir ons die Heilige Gees te stuur, Hy moet by daardie belofte bly. Moenie bang wees nie, maak nie saak wat die ander wêreld sê, wat die buurman sê nie. Wat het God gesê?

52 En Saul het dit geglo vanaf ’n intellektuele standpunt, maar Dawid het ’n ondervinding gehad. Saul het gesê: “Maar voor jy

dit kan doen, sal jy 'n kollege opleiding moet kry, jy sal . . . Jy beter my grade aantrek, ek sal vir jou my graad gee."

53 So hy het vir hom sy wapenrusting en vir hom sy helm aangetrek. Kan julle julle 'n man voorstel wat kop en skouers bo sy hele leër was, 'n helm op 'n klein kêreltjie gesit wat nie meer as omtrent *so* hoog was nie? Dit het oor die kop, ore, skouers en alles gegaan, reken ek. En sy yslike groot, breë skouers! Hoe het Dawid gelyk toe hy daar so aangetrek staan en sy knieë teenmekaar gebuig was?

54 Hy het gesê: "Haal hierdie goed van my af, ek weet niks daarvan nie." Saul het uitgevind dat sy kerkbaadjie nie 'n man van God gepas het nie. "Ek weet niks van jou Ph.D.'s, ensovoorts nie," het hy gesê: "maar laat my gaan met dit waarmee ek 'n ondervinding gehad het."

55 Amen. Ek voel baie godsdienstig, eerlikwaar. Julle mag dink ek tree dwaas op, maar as julle dieselfde gevoel het as wat ek het, sou julle miskien ook so optree. Ek voel soos Dawid toe hy gedans het voor die ark van die Here, en sy vrou vir hom gelag het, gesê: "Jy het nie daarvan gehou nie? Kyk hierna!"

God het gesê: "Hy's 'n man na My Eie hart." Hy het geweet waarvan hy praat.

56 En hy het gesê: "Wel, jy kan nie teen daardie reus veg nie!"

57 Hy het gesê: "Haal net al hierdie grade van my af, en hierdie, al hierdie kerkpapiere, en alles, laat ek eers vry kom." Gesê: "Laat ek vir jou iets vertel, destyds toe ek my pa se skape opgepas het, het daar eendag 'n beer ingekom en een gegryp, en ek het my slingervel opgetel en hom neergevel, ek het die lammer geneem en dit teruggebring. En 'n leeu het ingekom en een gegryp en uitgehardloop, ek het hom ook neergevel. En toe ek by hom gekom het, het hy teen my opgestaan, en ek het hom doodgemaak." Hy het gesê: "Die God wat my verlos het uit die poot van die beer en die leeu, hoeveel te meer sal hy my verlos uit die hande van daardie onbesnede Filistyn wat die leërs van die lewende God uitdaag?"

58 Sien, hy het geloof gehad omdat hy ondervinding gehad het. Mans en vroue wat God nog nooit geken het nie, niks meer as net om van Hom te lees nie, hulle het nie veel ondervinding nie, hulle weet nie wat om te doen nie; maar 'n man wat God ooit ontmoet het en 'n ondervinding gehad het, dit handel dit af.

59 Dawid het gesê: "As Hy dit gedoen het om 'n lam se lewe te red, hoeveel te meer is Sy volk se lewe?"

En hy het gesê: "Hoe gaan jy dit doen?"

Gesê: "Ek gaan hierdie slingervelletjie neem." En hy het vyf klippe opgetel, hulle in vyf vingers gesit, die slingervel, julle weet wat dit is, ons seuns het hulle altyd geslinger.

60 En toe hy hom begin ontmoet het, en die ou reus hom uitgelag het, wel, gesê: "Man, jy het nie eens 'n geleerdheid nie, jy praat nie eens goeie taal nie. Hoe gaan jy dit doen?"

61 Maar wat het hy gehad? Hy het vyf stene gehad: J-e-s-u-s, toegedraai in sy arms van g-e-l-o-o-f, [Eng. "f-a-i-t-h"—Vert.] iets moes plaasvind. Hy het 'n ondervinding gehad met geloof in Jesus. God het die steen net reg gerig, en daar het die reus geval, en die res van hulle het moed geskep.

62 'n Paar jaar gelede toe die kerke, Volle Evangelie kerke, gesê het: "Die dae van wonderwerke is omtrent verby," maar iemand het eendag uitgestap, nou het hulle almal moed geskep, en ons het die vyand tot teen die muur beveg, gekap en gesny. Dis tyd vir Dawid om weer op te tree, 'n man met geloof.

63 Dit was Abraham, geroep uit die stad van Ur, die land van die Chaldeërs, die Heiden, onder in die vallei van Sinear, net 'n gewone man, maar God het met hom gepraat toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was, en sy vrou, Sara, vyf-en-sestig, was getroud vandat hulle was . . . sy was omtrent agtien, geen kinders nie. En God het vir Abraham gesê hulle gaan 'n baba hê, en Abraham het God geglo. En hy het enigiets teenstrydig met wat God gesê het, genoem asof dit nie was nie, het geglo dat God in staat was om Sy belofte te hou.

64 Kan julle julle net voorstel? 'n Ou man vyf-en-sewentig jaar oud en 'n ou vrou vyf-en-sestig jaar oud, dink nou daaraan, wat afgaan na die dokter, en sê: "Dok, ons wil 'n kamer gereed kry by die hospitaal, my vrou gaan 'n baba kry."

"Wat? Omtrent vyf-en-twintig jaar verby menopouse?"

"Ja, sy gaan 'n baba kry. Ons was net onder in die dorp en het al die voël-oog materiaal gekry wat ons kon in die hande kry, en al die spelde, en die kousies, en alles, ons gaan die baba hê."

"Hoe weet jy, meneer?"

"God het so gesê, dit handel dit af. God het so gesê."

"Wel," sou hulle sê: "die arme ou kêrel is net soort van van van sy kop af. Daar's iets verkeerd met hom."

65 En elke mens wat ooit vir God gestaan het, is as 'n neuroot beskou, of iets verkeerd met hom. Dis iets verkeerd, hy het sy posisie verander van 'n sterwende sondaar na 'n ewigdurende heilige, daardie dinge wat nie was nie, genoem asof hulle was, omdat God so gesê het.

66 Kan julle julle net voorstel na die eerste agt-en-twintig dae? Ek kon Abraham sien opgaan, sê: "Sara, skat, hoe voel jy?"

"Niks anders nie."

"Wel, prys God, ons gaan dit in elk geval kry." Sekerlik.

67 'n Jaar het verbygegaan: "Hoe voel jy, Sara?"

"Niks anders nie."

"Prys God, ons sal dit in elk geval kry."

68 Vyf-en-twintig jaar het verbygegaan: Hy's 'n honderd en sy's negentig, klein, ou oumatjie, met 'n tjalie'tjie: "Hoe voel jy, Skat?"

"Niks anders nie."

"Prys God, ons gaan dit in elk geval kry!"

69 Hoekom? Hy het volhard en geglo dat wat God gesê het, God Sy belofte kon hou. En julle is kinders van Abraham, veronderstel, word nie die eerste aand genees wanneer jy jou genesing aanvaar nie: "Wel, ek reken daar's niks daaraan nie." Maak nie saak wat daaraan was nie, God het so gesê en dit handel dit af, gaan net voort. Abraham het Hom geglo.

70 Moses, nadat hy veertig jaar van teologie gehad het, heel beste opleiding wat vir 'n man gegee kon word. . . Wel, hy kon nie enige van sy wiskunde opgeknap het, of enige ander studie wat hy—hy in Egipte bestudeer het oor sy medisyne nie. Wel, die Egiptenare het medisyne en goed gehad wat ons nie vandag het nie, hulle het piramides gebou wat ons nie kon bou nie, hulle het klere gekleur wat die kleur steeds natuurlik lyk, hulle het liggame gebalsem, mummies gemaak, ons kon nie vandag een maak nie. Hulle was slimmer as ons, en Moses was opgelei in al die Egiptiese, totdat hy hulle meesters kon leer.

71 Maar hy het eenkeer uitgegaan in die wildernis saam met 'n klomp mans, en, meer as tweemiljoen mense, hulle veertig jaar gelei en uit die wildernis gekom sonder een swak persoon onder hulle.

72 Sou party van julle dokters nie graag wou weet wat Doktor Moses gehad het vir 'n voorskrif nie? Hoeveel babas is elke aand gebore? Dokter Moses het 'n voorskrif in sy aktetas gehad; ek het 'n geheimpie. Wil julle hê ek moet dit vir julle lees? Hier is dit, al julle dokters: "Ek's die Here wat al julle krankhede genees." Dit was sy voorskrif, dit het vir veertig jaar gewerk met 'n paar miljoen mense sonder een swakke onder hulle.

73 Want eendag aan die agterkant van 'n woestyn het God na hom toe gekom en hy het 'n ondervinding gehad. Toe hy die Egiptenaar doodgemaak het, het hy *hierdie* kant toe en *daardie* kant toe gekyk, een man doodgemaak, hy was bang, hy het God nog nooit ontmoet nie; maar nadat hy vir God ontmoet het, het hy afgegaan en die hele Egiptiese leër gesink, en nooit teruggekyk nie. Hy het geloof gehad, hy het geweet wat dit beteken. Sekerlik. Hy het God geglo, en hy het volhard asof hy Hom gesien het Wat onsigbaar is. Nadat hy God gevind het en God ontmoet het en 'n ondervinding gehad het, het hy geloof daarin gehad.

74 Dit was Filippus, nadat hy Jesus vir Simon hoor sê het wat sy naam was en wat sy pa se naam was dat hy vir Natánael kon sê: "Kom kyk Wie ons gevind het."

75 Dit was nadat Natánael nadergestap het in die Teenwoordigheid van Jesus, en Jesus gesê het: "Daar is nou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

Hy het gesê: "Hoe het U my geken?"

Gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was . . . "

Dit was daarna dat hy kon sê: "U is die Koning van Israel; U is die Seun van God," nadat hy 'n ondervinding gehad het.

76 Dit was na 'n prostituut, wat by 'n put gestaan het, wat sy 'n Jood gesien het, en hierdie Jood het haar vir water gevra om te drink, en Hy het gesê: "Vra vir My water om te drink."

77 En Hy het haar probleem gevind, en vir haar gesê dat sy saam met haar sesde man gelewe het, wat nie reg was nie. En dit was daarna, dat Hy haar haar sonde vertel het, dat sy in die stad kon inhardloop, en sê: "Kom, sien 'n Man, wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?" Dit was nadat sy dit gesien het, nadat dit op haar gewerk het; iets egs vind plaas.

78 Dit was nadat die vrou Sy kleed aangeraak het en gesond gemaak is, wat die hele gehoor Sy kleed wou aanraak. Dit was nadat haar bloedvloeïng opgehou het dat sy die getuienis kon gee, daarna.

79 In ons Skriflesing vanaand het Jesus gesê, toe Hy vir daardie boom gesê het: "Niemand eet van nou af van jou nie," en die volgende dag was dit verdroog. En Petrus het dit opgelet. Wat doen Hy? Leer Sy dissipels. En hy het gesê: "Kyk, die boom is verdroog, waar U gister vervloek het."

Hy het gesê: "Julle moet geloof in God hê."

80 Nadat Petrus 'n wonderwerk gesien het wat Hy gedoen het, het Hy gesê: "Sê vir hierdie berg: 'Word verskuif,' en moenie twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het, gedoen word, en jy kan kry wat jy gesê het." Iets egs volg 'n ondervinding.

81 En, broer, die wêreld soek vanaand na iets egs. Die mense van hierdie volk, en van die res van die wêreld kyk na die kerk vir iets egs. Wetenskap het vir ons die dood gebring, die samelewing het vir ons korrupsie gebring, kerkorganisasies het vir ons stryery gebring, die mense wil iets egs hê. Wanneer hulle daardie vertoning sien, is hulle gereed. God het dit. Ons praat van 'n God, waar is Hy?

82 'n Tyd gelede . . . Dit bring my by die aanhaling van 'n ondervinding. Soos julle weet, hou ek daarvan om te jag, ek gaan nie soveel om wild dood te maak nie, ek gaan net om alleen te wees met God. En ek het altyd hierbo naby New England state gejag, hier oorkant op die Androscoggin Rivier, rondom Umbagogmeer, Moosehead toe ek net 'n klein seuntjie was, onder rondom die White Mountains.

83 En ek onthou 'n jagmaat wat ek daar gehad het, hy was een van die beste jagters saam met wie ek ooit gejag het, 'n tipiese, klein Yankee, en 'n baie goeie man. Jy sou hom nooit in die woude verloor het nie, jy hoef jou nie oor hom te bekommer het nie, laat hom gaan. En hy het sy besigheid geken, maar hy was een van die wreedste manne wat ek ooit gesien het. O, hy was wreed in sy hart. Hy het altyd klein hertekalfies geskiet net om my te kry om sleg te voel.

84 Nou, as die wet sê jy kan 'n klein hertekalfies skiet, is dit in die haak. Nou, dit is nie die grootte van die takbok nie, maar dis nie nodig om tien of vyftien dood te maak, net om gemeen te wees daaroor nie. Abraham het 'n kalf doodgemaak en God het dit geëet, so die lammetjie het nie die verskil gemaak nie, dis net wreed en wil afwys. En dis hoe dit is met baie mense vandag, hulle wil net slim optree wanneer hulle beter weet, hulle sal jou holy-roller noem, of hulle sal jou fanatikus noem, of *so-iets* soos daardie, wanneer hulle net slim wil wees; hulle besef nie hulle maak jou seer nie, hulle maak God seer. "Het jy daardie herlewing bygewoon?" Skaam jou!

85 "Geseënd is julle oë . . . "

86 Maar hierdie man, hy sou daardie takbokkies skiet net om my te laat sleg voel, en ek het gesê: "Waarom doen jy dit?"

"O," het hy gesê: "Prediker, jy's net lafhartig. Dis wat fout is met julle predikers, julle is net lafhartig." Gesê: "Ek hou daarvan om saam met jou te jag, Billy, maar jy's te sag van hart, jy behoort dit nie te doen nie, jy behoort 'n *man* te wees!"

Ek het gesê: "Bert, die *man* word nie gemeet aan hoeveel dier hy in hom het nie, 'n *man* word gemeet aan karakter."

87 Ek het mans gesien wat ses voet lank was, tweehonderd-en-twintig pond geweeg het, en almal spiere, en nie 'n ons *man* in hom gehad het nie. Dis reg. 'n *Man* word gemeet aan sy karakter. Ek bedoel dat hy 'n baba uit 'n moeder se arms sou gooi en haar verkrag; jy noem nie dít *man* nie. Beginsel: Christus was nie baie groot nie, en geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie, daar was nog nooit 'n man van Sy gelyke nie. Dit word gemeet aan karakter, wat jy binne-in jou is.

88 En so, het hy gesê: "O, ruk jou reg."

89 En een jaar toe ek opgegaan het, het hy vir homself 'n fluitjie gemaak, en hy kon daardie fluitjie laat maak net soos 'n klein, baba hertekalfie wat huil. Ek het gesê: "Sekerlik, gaan jy dit nie gebruik nie!"

90 "O," het hy gesê: "daar het jy dit, jy's lafhartig, seun."

91 Ons het gaan jag daardie dag en daar het 'n bietjie sneeu gekom, soos julle broers wat nou die aand julle hande opgesteek het, julle was takbok-jagters, wat net sneeu spoorsny, omtrent ses duim. En ons het heeldag gegaan, takbokke was skaars onder

in die land, en so het ons nie eers 'n spoor gevind nie; jagseisoen inkom, skuil takbokke.

92 En dit was laat in die seisoen, byna aan die einde, en ek het laat opgekom om te sien of ek 'n groot, swerwende bok iewers kon vind, of om in die woude in te gaan. En ons het almal gejag tot middag, nooit 'n spoor gesien nie. Toe het ons 'n klein oopte gekry omtrent die grootte van hierdie ouditorium, en ek het opgelet hy buk net, en ek het gedink hy gaan agter in sy jas in om sy middagete te kry.

93 Gewoonlik, is dit hoe ons sou maak, ons sou ons middagete dra, middag sou ons eet, dan skei en terugjag na die kamp toe saans, neem 'n ander roete, deur 'n ander—'n ander gedeelte, en so meer, miskien die bok skrikmaak een vir een.

94 En toe hy gaan sit het, het ek gedink hy steek sy hand terug vir sy middagete, maar hy het hierdie fluitjie uit sy sak gekry. Ek het gedink: "Sekerlik, sal hy dit nie blaas nie!" Maar hy het dit teen sy mond gesit, en hy het 'n blaas gegee, net soos 'n babatjie wat huil. En net oorkant die opening het 'n yslike groot, pragtige ooi opgestaan, o, so mooi, yslike groot ore, die are in haar gesig en die groot, swart oë. Sy het grasieus gelyk. Nou, 'n ooi is die moeder takbok. Sy het opgestaan, sy was weggesteek onder 'n paar bosse. En hy het teruggekyk na my met daardie skaapagtige oë. Ek het gedink: "Sekerlik, Bert, sal jy dit nie doen nie!" En hy het dit weer geblaas, en sy het reguit uitgestap in die oopte.

95 Nou, julle broers weet dat dit ongewoon is vir 'n takbok, uitkom in 'n opening soos daardie, middel van die dag, jagseisoen, sneeu op die grond. Sy het reguit uitgestap. Wat was dit? Sy was 'n moeder, sy het iets egs gehad, daar het 'n baba gehuil, en sy was 'n moeder van nature.

96 Sy het uitgekom in die oopte. Ek het hom die hefboom sien trek op hierdie geweer, daardie .30-06, en hierdie honderd-en-tagtig grein sagte koeël daarin gooi. En hy was 'n dodelike skut. Daardie teleskoop het afgesak, daardie kruishaar oor haar getroue hart. Ek het gedink: "O God, hy sal haar kosbare hart regdeur haar skiet!" Nie twintig treë weg gestaan nie.

97 Toe die hefboom afgegaan het, het die takbok omgedraai, dit het geweet die jagter was daar, maar haar baba was in die moeilikheid. Sy het nie net voorgegee nie, sy was 'n ware moeder, sy het iets egs gehad, sy was nie 'n skynheilige nie, sy was eg. En sy het verder uitgeloop. En ek het Bert gesien soos hy aangelê het om haar hart uit te blaas, Ek het my rug gedraai, ek het gesê: "Ek kan nie hierna kyk nie! Hoe kan hy die hart van daardie kosbare moeder uitskiet wat soek na haar baba? Hoe kan hy haar hart uitskiet?" Ek het gedink: "O God, moenie dat hy dit doen nie!"

98 Ek het my rug gedraai, geluister enige oomblik vir die knal van daardie geweer, maar dit het nie gevuur nie, ek het omgedraai om te kyk, en die geweerloop het *so* gegaan. Ek het

na hom gekyk, hy het die geweer op die grond gegooi, hy het my aan die broekspyp gegryp, en hy het gesê: "Billy, ek het genoeg gehad daarvan." Hy het gesê: "Lei my na daardie Jesus toe wat liefde kan voortbring."

99 Wat was dit? Hy het ware liefde vertoon gesien, hy het iets egs gesien. En daar op daardie sneeuwal, het ek hom na die Here Jesus toe gelei, omdat hy iets egs gevind het. Daardie moeder, sy het nie aangesit soos 'n kerklidmaat nie, sy was eg.

100 Vriend, dis wat die wêreld vandag in my en jou wil sien, hulle wil iets egs hê. Hoe kan jy dit kry totdat jy gebore is uit die Gees van God en 'n ondervinding daarvan het? Hoe kan jy geloof hê tensy daar iets in jou is om jou geloof te gee? Eg! Sou jy graag daardie soort liefde van God in jou hart wou hê soos daardie ma takbok vir haar baba gehad het, om daardie soort liefde te vertoon, met geen selfsugtigheid, geen gierigheid, geen niks nie, tot wanneer jy in die straat afloop, die bure sou sê: "As daar ooit 'n heilige, goddelike vrou of man was, daar gaan dit"? Dis wat hulle wil hê. Dis beter om vir my 'n preek te lewe as wat dit is om vir my een te preek.

Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik.

101 O God, soos ek terugdink aan ondervindings, hoedat ek groot, brutale manne, goddelose en onverskillige, liefdevolle, nederige Christene gemaak sien word is, net binne 'n oomblik, want hulle iets egs gesien het. God, gee vanaand dat elke man en vrou, seun of meisie hierbinne, wat nie daardie ware ondervinding het nie, dat hulle ware geloof kan hê, mag hulle U aanvaar vanaand as hulle persoonlike Verlosser en die Heilige Gees ontvang wat geloof gee.

102 "Ons wat dood is in Christus," sê die Skrif: "ons word Abraham se Sade en is erfgenaam volgens die belofte." En Christus was Abraham se Saad, en die Heilige Gees het ons gebring, deur dood te wees saam met Hom, bring ons in die verhouding in, en gee vir ons, deur die Heilige Gees, die geloof wat Abraham gehad het. God, skenk vanaand dat ons daardie geloof sal hê, en daardie liefde, daardie iets wat . . . Christus beteken soveel, dat ons, dat dit meer is as kerklidmaatskap, dis meer as om agter 'n godsdienstige mantel weg te kruip, of meer as enigiets, soos blinde Fanny Crosby gesê het: "Meer as die lewe vir my." Skenk, Here, hierdie uur, dat U Heilige Gees sal spreek tot harte.

103 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, en jou hoof gebuig is na die stof waaruit God jou geneem het, en eendag sal jy terugkeer na daardie stof, waartoe jy nou jou hoof gebuig het, sou jy daarvan hou om, sondaarvriend van my, of afvallige, of onverskillige, koue kerklidmaat (Dis alles sonde.), sou jy graag die liefde van God in jou hart wou hê net so ryk soos daardie takbok die moeder se liefde in haar hart gehad het? Wil jy graag so 'n ondervinding

hê, sal jou laat staan wanneer die laaste hartklop uit jou liggaam uitgaan, en steeds met liefdevolle arms oor die Jordaan kyk vir die Engele om julle siele Huis toe te dra? Dink daaraan net 'n oomblik, dis jou siel; God is hier wat vir jou daardie soort liefde sal gee.

104 As julle dit wil hê, sal julle net julle hande saggies opsteek na Hom terwyl ek vir julle bid, regoor die gebou? God seën jou, jou, jou, jou, bo in die balkonne, aan my regterkant.

105 Dames, julle weet hoe julle julle babas liefhet, nie waar nie? Die Bybel het gesê: "Sou 'n moeder haar suigeling babatjie vergeet? Ja, sy mag dit vergeet, maar Ek kan julle nooit vergeet nie; want julle naam is gegraveer op die palms van My hand." Jy weet hoe jy jou babatjie liefhet, nie waar nie? God het jou meer as dit lief. Waarom sou jy oor die grense loop tussen genade en oordeel wanneer Hy jou so liefhet?

O, watter liefde wat Vader
Gehad het vir Adam se gevalle ras,
Het Sy enigste Seun gegee om te ly,
En om ons te verlos deur Sy genade.

106 Kyk watter liefde het Hy vir ons vertoon. Kan julle nie 'n bietjie liefde vir Hom vertoon nie? Sal jy jou hand opsteek, soveel liefde, en sê: "God, hier is ek, ek weet dat my hart verkeerd is met U. Ek bely om 'n Christen te wees, maar ek weet reg onder in my hart, dis verkeerd, ek het net 'n belydenis, ek het nie geloof nie. Ek wil hê U moet my genadig wees, God."

107 Hou julle hoofde gebuig terwyl. . . Na die balkonne aan my linkerkant, sal jy jou hand opsteek, sê: "God, wees genadig"? God seën jou, meneer. God seën jou, dame, jou, jou, jou, oral. Balkonne aan die agterkant, sal julle julle hande opsteek? God seën julle. Jongmense daarbo, net by die keerpunt van die lewe, dametjies hier, wanneer julle reg op die gevaarlikste uur is.

108 Môre-aand wil ek daaroor praat. Jy's op die kruispad, skat. Ek het ook twee dogtertjies by die huis. God wees genadig, kind! Neem Jesus as jou Verlosser vanaand voor iets gebeur. Daardie kosbare siel van jou waarvoor Jesus gesterf het, sal jy Hom nie ontvang nie? Steek net jou hand op.

109 Klein seuntjies, steek julle hande op. God seën julle. Enige ander, enige plek in die gebou, sê: "Broer Branham, onthou my"? God seën jou hieronder, meneer. En God seën jou hier oorkant. Ver agter aan die agterkant, die Here seën jou. Om die kante staan, sal jy net, iemand wat God nodig het, net jou hand opsteek, sê: "God, wees my genadig, ek wil Jesus nou aanvaar"? God seën jou, kleintjie. God seën jou, meneer. Goed, terwyl ons so verkeer met ons hoofde gebuig.

110 Here, U het in U Woord gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie." Dan was daar baie hande wat opgegaan het hierbinne vanaand van mans, vroue, kinders,

tieners, dan wys dit dat die Vader Sy mense getrek het. "En almal wat na My toe kom, vir hulle sal Ek die Ewige Lewe gee," het U gesê: "en hulle sal nie vergaan nie."

111 O, hoe ons daarvan hou om U Woord aan te haal. U het gesê: "Hy wat My Woord hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Watter soort karakter sou dit dan wees? As baie daardie belydenis het en nie die vrugte van die Gees het om dit te volg nie, dan word hulle mislei. "As jy die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie in jou nie."

112 Here, elke man ken sy posisie, elke persoon vanaand, en hulle het hulle hand opgesteek, sommige van hulle, dat hulle verkeerd was en hulle wil 'n ware liefde in hulle hart hê. Nou, Heilige Gees, of hulle hiernatoe kom of daarbuite sit, dit verg U Gees om dit te doen. En as U naby genoeg is aan hulle, en as hulle hart nog sag genoeg is dat U hulle hulle hande kan laat opsteek, hoeveel te meer kan U U intrek neem? Skenk dit, Here.

113 Ek vertrou hulle nou toe aan U, as liefdesgawes en klein aandenkings van hierdie boodskap vanaand. In die Naam van Jesus Christus, mag hulle U Gees ontvang, en meer dapper lewe, en meer ware liefde om te vertoon as die ou moeder takbok waarvan ek 'n paar minute gelede vertel het. Dit vra ek, in Jesus' Naam. Amen.

114 O, doen die Woord nie net iets aan julle nie? Hoeveel het die Woord lief? Sekerlik. "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Wonder of jy daardie akkoord ken, jy kan ons nou gee . . . Ek's nie 'n sanger nie, maar ek hou daarvan, nadat die Woord uitgegaan het, julle was so eerbiedig, ek hou daarvan om Hom te aanbid in outydse liedere. Hou julle nie daarvan baie soet nie? Ken julle daardie lied: "Ek het Hom lief, ek het Hom lief omdat Hy my eerste liefgehad het"? Het julle dit al ooit gehoor? Laat ons julle hoor . . . julle hande sien. Goed. Gee vir ons die akkoord. As iemand my hier kan help, as jy sal. Goed. Goed, gee vir ons die akkoord.

Ek het Hom lief, . . .

Laat ons ons hande opsteek terwyl ons dit doen.

. . . Ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het,
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

115 O, doen dit nie iets aan julle nie? Laat ons dit weer doen, komaan, almal, reguit na julle plek nou:

Ek . . .

Kyk net op na Hom en glo Hom.

. . . Ek het Hom lief,
Omdat Hy lief my eerste liefgehad het,
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

116 O God, o, uit die dieptes van my . . . [Leë kol op band—Red.] . . . O Here, en uit die dieptes van die siele van hierdie hande wat opgesteek is, ons het U lief, Jesus, omdat U ons eerste liefgehad het, toe ons onbeminlik was. U het gekom en ons verlos deur U Bloed en het ons gewas van ons sondes, en ons wit gemaak in die Bloed van U Eie kosbare liggaam, en ons die voorreg gegee deur die Heilige Gees, om verseël te word in die Koninkryk van God en seuns en dogters van God genoem te word. Dit is nog nie duidelik wat ons aan die finale einde sal wees nie, maar ons weet ons sal 'n liggaam hê soos Sy Eie verheerlikte liggaam, want ons sal Hom sien soos Hy is.

117 O God, my hart spring wanneer ek dink aan eendag wanneer U kom, en hulle wat Ewige Lewe het, ontwaak uit die stof van die aarde. Kan net nie lewe verberg nie. O God, ek dink jy kan 'n saadjie onder 'n rots sit, die rots bo-op dit sit, maar net so seker as wat die warm son die aarde begin baai, sal daardie kiemetjie van die lewe sy pad rondom daardie rots werk en sy kop opsteek. Jy kan nie lewe verberg nie. Ons mag begrawe word onder klippe en in moerasse en op die bodem van die see, waar dit ook al mag wees, maar wanneer die Seun van God kom, en die warm winde van die Ewigheid die aarde begin baai, sal Sy Bloedgewaste kinders hulle kop oplig en God prys. Ons dank U hiervoor, want dit lewe nou in ons.

118 En ons dank U, Heilige God, ons het U lief, en ons bid dat U nou in ons midde sal inkom op 'n hoorbare, sigbare manier, nie omdat ons dit moet hê nie, Here, maar om hulle aan te moedig wat U pas as Verlosser ontvang het, en om die siek mense te bemoedig om U te glo.

119 Baie van hulle hier vanaand, glo sonder dat hulle een ding gesien het. Filippus, soos ek gesê het, nadat hy U vir Petrus hoor sê het wat sy naam was, het hy U geglo; na Natánael, toe U vir hom gesê het wie hy was, en waar hy vandaan gekom het, en waar hy was toe die apostel hom gevind het, het hy geglo nadat hy dit gehoor het; die vrou, nadat daar vir haar vertel is watter probleem sy gehad het, daarna het sy geglo, maar Here God, ons glo voor ons enigiets daarvan gesien het. U het gesê: "Hoeveel groter is hulle beloning!"

120 Maar, Here, volgens U Woord, is U verplig om Uself te verklaar soos U in die vroeë dae gedoen het. Hierdie is 'n sterwende Heidense ras, die Kerk is gekies, uitgeneem, baie duisende slaap in die stof deur die eeu heen, hierdie is die eindtyd. Kom, Here Jesus, en laat die mense weet dat hierdie God wat ons aanbid, nie 'n historiese God is nie, maar Hy's

teenswoordige tyd, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Lof sal alles aan U gegee word. Amen.

121 Beste van my wete, is hierdie omtrent drie aande of so vir ons, ek dink hierdie is die derde aand, Donderdag, Vrydag, of, Vrydag, Saterdag, en Sondag. Die eerste aand dink ek het ons gebedskaartjies uitgegee, en net die mense geroep volgens hulle nommers om na die platvorm toe te kom, een vir een. Gisteraand het daar so 'n groot salwing blyk te wees, dat ons nie eers die gebedskaartjies geneem het nie, die Heilige Gees het net oor die gebou gegaan, hulle in elk geval geroep.

122 En vanaand, siende dat ons net 'n klein bietjie tyd het, net kwart voor nege, kan ons uit wees teen kwart oor. . . Julle sien, alles wat ek kon sê, dis alles in orde, maar al die predikers in die wêreld mag preek, ons kon luister, maar net een Woord van Jesus sou meer beteken as wat ons almal kon sê. Sien, hulle kon sê: "O, ja, dit was 'n ander dag destyds." Maar Hy is vandag hier, net soos Hy toe was.

123 Hoeveel in die gebou vanaand was nog nooit tevore in een van ons dienste nie? Laat ons julle hande sien. Nie te veel nie, dis goed. Bly om die skare hulle posisie te sien behou. Ek hou nie daarvan om mense net te sien kom en een aand vol te maak, en terug te gaan nie, sê: "O, dit was genoeg vir my." Wys iets is verkeerd. Sien? O, as ek eergister 'n kraakbeskuitjie eet, mag dit in orde wees, maar ek moet elke nou en dan een kry. "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan."

124 Aan julle wat hier is vir julle eerste keer, ek maak nie aanspraak om 'n geneser te wees nie, my dierbare vriend, niemand anders is 'n geneser nie, God is die Geneser. Ek glo dat Goddelike genesing iets is wat God vir ons gedoen het deur Sy Seun Jesus, toe Hy geoffer is op Gólgota.

125 Dit kom net in my gedagte op, ek moet dit sê. 'n Tyd gelede was ek by 'n studio waar Charles Fuller en Stuart Hamblen, baie van hulle was daarbinne, om hulle foto te laat neem, en ek is toevallig geroep deur . . . na dieselfde studio toe. En so het hierdie jong kêrel daarbinne pas uitgekom uit die . . . uit 'n fundamentele skool, en hy het beslis die geleerdheid gehad, en hy het vir my bestuurder gesê, hy het gesê: "Ek wil hê jy moet vir Mnr. Branham hier los." Ek het oorkant toe gekyk, want wanneer ek na ontbyte toe gaan, gebruik hulle daardie yslike groot woorde, ek weet nie waarvan hulle praat nie. Ek sit langs die bestuurder, as ek nie weet waarvan hulle praat nie, ek skop hom met my knie, en hy praat van daar af. So hy het gesê: "Ek wil hê jy moet vir Mnr. Branham hier los." Iets in my het vir my gesê hy gaan my ondervra.

So uiteindelik, het Mnr. Baxter gesê: "Goed, maar jy het hom binne in dertig minute daar."

126 Gesê: "Ek wil 'n paar op die sykant neem." Ek het geweet dit was nie heeltemal reg nie. So sodra hy weg is, het hy gesê: "Mnr. Branham, ek wil vir jou sê, as 'n man respekteer ek jou, maar jou teologie is verkeerd."

Ek het gesê: "Wat is verkeerd daarmee, meneer?"

Hy het gesê: "Wel, die eerste ding," hy het gesê: "leer jy Goddelike genesing deur die versoening?"

Ek het gesê: "Elke verlossingsseëning kom van die versoening."

"Wel," het hy gesê: "Mnr. Branham, as Goddelike genesing in die versoening was, sou daar geen pyn meer wees nie."

Ek het gesê: "Is verlossing van die siel in die versoening, meneer?"

Hy het gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Is daar versoeking?"

"Sekerlik."

Ek het gesê: "Dan is daar pyn."

127 Hy het 'n paar yslike groot woorde begin gebruik, ek het gesê: "Ek was onder die Pinkstermense gewees vir 'n lang tyd, maar ek het nog nooit die gawe van uitleg gekry nie, praat met my in Koning James, julle sien." Ek het gesê: "Ek weet nie waarvan jy praat nie." Ek het gesê: "Jy praat in 'n ander taal met my, meneer. Ek's net 'n bosbewoner, maar ek ken wel die Here Jesus. Ek mag dalk nie die Boek te goed ken nie, maar ek ken die Outeur." En ek het gesê: "Praat net met my in duidelike woorde."

Hy het gesê: "Wend jy die Goddelike genesing aan in die versoening wat Jesaja destyds daar gesê het?"

"Ja." Ek het gesê: "Ja, meneer, dis presies dit."

Hy het gesê: "Ek glo dat jy 'n eerbare man is, Mnr. Branham." Hy het gesê: "As ek vir jou bewys met die Bybel, dat daar daarmee weggedoen is, sal jy mans- en heer genoeg wees om dit te aanvaar?"

Ek het gesê: "Sekerlik, ek sal beslis."

Hy het gesê: "Matthéüs, ek glo die 8ste hoofstuk, het hulle diegene wat siek en beproef was, na Hom toe gebring en Hy het hulle genees, sodat dit vervul kon word wat gespreek is deur die profeet Jesaja: 'Hy het ons swakhede geneem en ons siektes gedra.'"

Ek het gesê: "Bedoel jy dan dat die versoening waarvan Hy gepraat het, van Jesaja, daar vervul is?"

Hy het gesê: "Sekerlik."

128 Ek het gesê: "Deur wie was die man by die poort, en die res van hulle, dan genees?" Ek het gesê: "Meneer, dit was 'n jaar en ses maande voor die versoening ooit gemaak is, dan het die

versoening meer krag gehad voordat dit in werking gekom het, as wat dit het nadat dit in effek gekom het."

129 Toe het hy weer afgegaan op sy groot woorde. Ek het gesê: "Net 'n oomblik." Ek het hierdie Skrif geneem wat ek pas gebruik het: "Wat julle ook al begeer, wanneer julle bid, glo dat julle hulle ontvang, julle sal hulle kry." Ek het gesê: "Het dit Goddelike genesing ingesluit: 'wat ook al?'"

Hy het gesê: "Wel: 'wat ook al'. . . " Ek het gesê. . . Hy het gesê: "Dit was nie Goddelike genesing nie."

130 Ek het gesê: "Maar Jesus het gesê: 'Wat ook al.' Jy het gesê: 'Behalwe dié,' maar Jesus het gesê: 'Wat ook al.' Nou, wie is reg, jy of Hy? Hy het gesê: 'Laat elke mens se woord 'n leuen wees en Myne waar.' Wie is reg?" Ek het gesê: "Sal jy erken, meneer, dat dit in die Woord is?" Hy het homself daar gehang.

Hy het gesê: "Dit was in die Woord, maar nie die versoening nie." Uh-oh, toe, het hy iets verkeerd gesê.

131 Julle ken die ou gesegde: "Gee die koei genoeg tou, dit sal ditself ophang"? Dit sal. Dis 'n Texas-uitdrukking, maar dis waar.

132 Ek het gesê: "Bly daarby." Ek het gesê: "Eenkeer was daar 'n koning wat 'n regverdige man was, eerlikwaar, hy het sy woord gehou, hy was 'n eerlike man, hy het sy reëls van sy koninkryk gemaak." En ek het gesê: "Eendag was daar 'n slaaf wat 'n misdaad gepleeg het, hy is voor die geregtigheid van die koning gebring, en die koning het sy straf gelees, daar was geen versoening daarvoor nie, die man moes sterf.

133 "So hy het gesê: 'Meneer, ons het geen vergifnis vir hierdie sonde nie, jy moet sterf, ek moet jou kop laat afkap op die blok van teregstelling.' En hy het begin bewe. Hy het gesê: 'Wag 'n bietjie, ruk jou reg.' Hy het gesê: 'Wat kan ek vir jou doen voor ek jou kop afkap, of, dit gedoen kry.'

"Hy het gesê: 'Gee vir my 'n glas water.' En hy kon dit nie hou nie, hy sou sy kop laat afkap, hy kon dit net nie hou nie.

"En die koning het gesê: 'Wag 'n bietjie, ruk jou reg. Ek gaan nie jou kop afkap voor jy die water drink nie.' Die slaaf het dit op die grond gegooi."

Ek het gesê: "Hy's 'n regverdige man, hy hou sy woord, sy versoening sê die man moet sterf, en sy—sy woord kan hy nie hou nie."

"O," het hy gesê: "Dit was 'n glips deur die koning."

134 Ek het gesê: "Dan het God 'n glips gemaak om dit in Sy Woord te sit, sonder om dit in die versoening in te reken. Gaan weg, broer." Ek het gesê: "Jou argument is dunner as die sop wat gemaak is van 'n skaduwee van 'n hoender wat doodgegaan het van die honger, jy weet beter as dit." Ja meneer, dit was dit.

135 God het elke verlossingsseëning in die versoening toe Jesus gesterf het. "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, ter wille van ons ongeregtighede verbrysel: die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom; en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Dis vir jou om te kyk en te lewe; dis *jy*, dis niks wat ek kan doen nie.

136 'n Prediker, as hy hiernatoe kom en Goddelike genesing preek deur hande op te lê, sou hy dit vir julle moes preek uit die Woord uit. Sy hande wat oplê sou niks meer as doop, of enigiets anders wees nie, jy moet geloof hê. As jy nie geloof het nie, gaan jy net af as 'n droë sondaar en kom as 'n natte op. Jy's steeds 'n sondaar as jou hart nie verander is nie. Die doop beteken niks nie, net 'n uiterlike uitdrukking dat 'n innerlike werk van genade gedoen is. En maak nie saak hoeveel keer predikers hulle hande op jou lê, hoeveel hulle *hierdie* doen nie, dit beteken niks totdat jy dit regtig glo nie.

137 En toe, het Jesus toe Hy op aarde was, het Hy net 'n klein teken gedoen om die mense te wys dat Hy die Messias was, en hulle het dit geglo. En Hy het belowe Hy was dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid; en Hy bly so. En ons eindig nou hierdie tydperk, die Heidense tydperk, Jesus het gekom in die vorm van die Heilige Gees om die mense, die oorblyfsel van die mense, die Heidene, uit te neem vir Sy Naam, voor die sputniks begin bars. Hierdie week, hoop om daarop in te gaan.

138 Goed, kom ons vra nog 'n woord van gebed, terwyl julle met die gebedskaartjies julleself gereedmaak. Ons sal die gebedskaartjies roep. Vorige aand het ons hulle gebruik, gisteraand het ons nie, vanaand sal ons die gebedskaartjies roep. Waar's Billy? Vra vir hom waar daardie kaarte is, wat hy uitgegee het en hoeveel. X, een tot 'n honderd.

139 Here, U is Jehova, daar's 'n honderd gebedskaartjies wat hierbinne lê, almal van hulle is siek, Here, of hulle sou nie die kaartjie gehad het nie. Ek weet net nie waar om te begin nie, maar U weet, help my, God. Seën die mense. Praat met diegene buite in die gehoor, laat hulle weet dat dieselfde Jesus, die Hoëpriester wat die vrou aangeraak het deur die gevoel van haar swakhede, dieselfde bly vandag, en dieselfde optree en doen as wat Hy ooit gedoen het. Laat ons U vanaand sien, Here.

140 En wanneer ons harte bly gemaak word, sal ons voel soos hulle wat van Emmáüs af gekom het. Toe U hulle ingesluit het, en U binne was saam met hulle, het U iets gedoen net soos U dit gedoen het voor U kruisiging, hulle het geweet dit was dieselfde Jesus, want Hy het dieselfde opgetree. Hy het eers reguit na die Woord toe gegaan om te wys dat Hy die Christus was, toe het Hy iets gedoen om te wys dat Hy opgestaan het uit die dood. Hulle het gehardloop en gesê: "Waarlik, Hy het opgestaan uit die dood.

En was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?"

141 Skenk daardie selfde dinge vanaand. Doen die dinge vanaand net soos waarvan ons gepraat het wat U gedoen het voor U kruisiging, en ons sal daardeur weet, Here, en die mense wat hier is, dat U steeds lewendig is. Laat die Kerk hulleself verneder, met U dienskneg, en ons onderwerp onsself aan U dat U vanaand deur ons sal werk, altesame om eer aan U Naam te verkry, om die hart van die swakkes te versterk, om die sondaar te red, en om geloof te bring tot die wankelmoediges. Ons vra, in Christus se Naam. Amen.

Waar het ons geroep? Die eerste deel, het ons nommer een geroep, het ons nie? Het ons nie geroep vanaf nommer . . . ? [Leë kol op band—Red.]

142 . . . en Hy het rondgekyk totdat Hy die vrou gevind het. En Hy het vir haar gesê haar toestand is genees, haar geloof het haar gesond gemaak. Is dit reg? Die Bybel het gesê, hierdie is vir die nuweling, die Bybel het gesê dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en dat Hy 'n Hoëpriester is, net nou, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Is dit reg? Wel, hoe sou Hy optree as Hy die Hoëpriester is, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Hy sou op dieselfde manier moes optree. Is dit reg? Dan kyk jy na Hom, en glo, en sien.

143 Sê dit net in jou hart: "Here God, Broer Branham ken my nie, hy het nie een idee van my nie, maar U ken my, Here, so help U my, en laat my U kleed aanraak, en dit aan my bevestig deur déúr Broer Branham te praat, net soos U het met die vrou." Kyk of Hy die Hoëpriester is. Ek daag julle geloof uit om dit te glo!

144 Nou, as die Here wil, gaan ek Woensdagaand na die preekstoel toe probeer kom sonder om te praat, kom net, laat Broer Vayle, of, iemand praat sodat ons net kan . . . Ek wil hê julle moet die verskil in die diens sien. Sien, dis . . . Preek is onder een salwing, hierdie is 'n profetiese gawe, iets heeltemal anders, dieselfde Gees, maar 'n ander salwing. Sien, preek, jy's geseënd en jy gee uit, jy hou daarvan, ek kan dit heelnag doen; maar een visioen sal meer uit my uithaal as agt ure van prediking. Hoeveel verstaan dit deur die Skrif? Sekerlik. Jesus, een vrou het Hom aangeraak, Hy het swak geword, die Seun van God; Daniël het 'n visioen gesien en was ontsteld in sy kop vir baie dae. Onthou julle dit? Sekerlik.

145 Nou, sover ek weet, is daar nie 'n persoon voor my wat ek wel ken, behalwe Mnr. Goad hier, wat bandopnames neem, Mnr. Vayle hier, my seun, Mnr. Sweet wat daar staan, broers daar nie. Maar voor my, balkon en oral, almal wat vreemdelinge vir my is, steek julle hand op, oral. Goed. Maar jy besef dat God jou ken voor jy ooit op die aarde gekom het. Glo jy dit?

146 Hoeveel glo dat gawes en roepings sonder bekering is? Die Bybel het gesê daar's vyf gawes in die kerk: "God het in die Kerk geplaas apostels," of sendelinge: "apostels, profete, leraars, evangeliste, pastore." Waar. As daar apostel is, is daar 'n profeet; as daar 'n profeet is, is daar 'n leraar; as daar 'n leraar is, is daar 'n pastoor, of 'n evangelis. Sien? Jy kan nie net sê daar's 'n pastoor en evangelis, en geen profeet, of apostel nie. God sit steeds . . . Solank Hy Sy Kerk het, het Hy steeds Sy Kerk geplaas. Sekerlik.

147 Nou, julle lê nie hande op mekaar vir daardie gawes nie: "God het in die Kerk geplaas." Jesus Christus was die Seun van God vanaf die tuin van Eden, voorspel as die Saad van die vrou. Johannes die Doper was die stem van een wat roep in die woestyn sewehonderd-en-twaalf jaar voor hy gebore is, "die stem van een wat roep in die woestyn." Hoeveel weet dit? Sekerlik. Hoeveel weet dat Jeremia 1:4 sê: "Voor jy nog in jou moeder se skoot gevorm is, het Ek jou geken; en Ek het jou geheilig, en jou as 'n profeet verordineer aan die nasies." Gawes en roepings is nie wat iemand gedoen het nie, dis wat God gedoen het. Hulle word gebore, hulle word opgerig saam met hulle, dis wat God gedoen het.

148 Nou, Hy roep sommige van ons om te preek, sommige van ons om te onderrig, sommige van ons met verskillende geeste van werking. Nou, daar's twaalf, of, nege geestelike gawes in die plaaslike liggaam. Sien? Nou, daar's 'n gawe van profesie, wat op enige persoon hierbinne kan wees vanaand, en miskien nooit weer op hulle nie, wat net kom en gaan. Daar's nogal 'n verskil tussen 'n gees van profesie en 'n profeet. 'n Gees van profesie moet beoordeel word deur twee of drie wat onderskeiding het, voor dit ooit aan die kerk gegee kan word. Moenie . . . Toe die ou profeet gestaan het, Jesaja en Jeremia, het hulle SO SPREEK DIE HERE gehad, hulle is gebore, van wiegie af boontoe.

149 Pastore, leraars, nie wat een of ander kweekskool jou in orde plaas nie, maar waar God jou daarbuite plaas as 'n pastoor of 'n leraar, dis die verskil. Jy mag uitgegaan het vir geld as die kweekskole jou gestuur het; jy het uitgegaan vir God, jy het uitgegaan vir die voordeel van die Kerk en die heerlikheid van God, jy moes rivierwater drink en soutbeskuitjies eet, het geen verskil aan jou gemaak nie, jy het net in elk geval gepreek. Gekritiseer of nie gekritiseer nie, gewild of nie gewild nie, maak geen verskil nie, jy gaan, in elk geval. God seën daardie manne.

150 Baie van hulle sit hier vanaand, krygers, wat die pad gebaan het waarop ek vrylik hardloop. Julle het op die straathoeke gestaan en preek en profeteer en sê dit sou kom, hier is dit. Julle is diegene wat die pad gemaak het, broers. Wag tot die belonings uitgegee word en kyk wie die belonings kry, dis julle manne. Ja, meneer. Jy was die een wat die fondamente in hierdie laaste dag vir die Kerk gelê het. Nou het God begin inbeweeg op

daardie fondasie wat jy gelê het. Hoe wonderlik is dit! Ek hou van daardie lied: "Hoe groot is U, hoe groot is U!"

151 Is hierdie die eerste vrou? Goed, nou vra ek julle onverdeelde aandag vir net 'n paar minute. Nou, moenie rondbeweeg nie, sit baie stil, wees eerbiedig. Nou hier, al die prediking wat ek gedoen het en al die res, verklaar hierdie Bybel Hom dieselfde vandag as wat Hy toe was. Nou, as dit nie so is nie, wat help daardie Bybel dan? As dit so is, laat ons dit omhels en sterf saam met dit, want Hy's steeds God. As Hy God is, hou Hy Sy belofte; as Hy nie Sy belofte hou nie, is Hy nie God nie. So ek weet Hy's God. Nou, hier is waar ek staan: deur 'n Goddelike gawe om Hom te verteenwoordig, om Hom te verteenwoordig; nie myself verteenwoordig nie, ek het niks daarmee te doen nie.

152 As julle nie geglo het wat ek sê nie, kon ek uur na uur hier staan en niks sou gebeur nie. Dis julle wat dit doen, dis nie ek nie, dis julle eie geloof.

153 "Waarom bring jy mense hiernatoe?"

154 Wel, op hierdie manier kry ek 'n persoon uitgewys vir my. Gisteraand was daar 'n groot groep, honderde wat na Christus toe gekom het. Toe was daar so 'n ontploffing in die diens, daar het visioene oor die diens begin breek voor dit ooit begin het. Sien? Maar hier vanaand. . . Ek het deur daardie skare gekam gisteraand, ons het nie vanaand te veel gekry nie. So omdat ek net 'n bietjie moeg was, het ek 'n gebedsry geroep om persoon hier te kry staan, sodat die salwing eers kon begin, dan sal dit daardeur uitgaan. Sien? Eerstens, sal dit een reg op die platform verbygaan, ver teruggaan daar bo in die balkonne in, en dit kry. Hoeveel het gesien dat dit gedoen word? Sekerlik. God, U beweeg net reguit uit die mense uit. Mense wat hier op die platvorm staan, word nie genees nie, daarbuite, word hulle genees. Hang af van wat jy glo.

155 Ek kry die vrou hier. Ek het nog nooit hierdie vrou gesien nie. Sy mag 'n skynheilige wees, sy mag 'n ongelowige wees, sy mag 'n bedrieër wees, ek weet nie wie sy is nie, sy mag 'n heilige wees, ek weet nie. Maar hierdie is 'n prentjie net soos dit was by die put, 'n vrou en 'n man wat vir hulle eerste keer ontmoet. Ek veronderstel hierdie is ons eerste ontmoeting. Is dit reg?

156 Nou, as die Here Jesus dieselfde bly gister, vandag, en tot in ewigheid, as Hy hier gestaan het met hierdie pak klere aan wat Hy vir my gegee het onder in Afrika, en as Hy hier gestaan het met hierdie pak aan, en die vrou het gesê: "Ek's siek. Sal U my genees, Here?" Ek wil julle nou vra, wees versigtig: Kan Hy haar genees? Nee, meneer. Hy kan nie doen wat Hy alreeds gedoen het nie. Sien? Hy het dit alreeds gedoen. Sy sou sê: "Ek's 'n sondaar, red my."

Hy het gesê: "Ek het dit alreeds gedoen, wil jy dit aanvaar?" Is dit reg? Wanneer jy Hom aanvaar as jou persoonlike Verlosser, as vrymaker!

157 Nou, as ek vir die vrou gesê het, as God se dienskneg: "Dame, jy's siek. Ek lê my hande op jou, jy gaan gesond word." Dit kan waar wees; sy kon daaroor wonder.

158 Sy sou sê: "Ja, ek glo Broer Branham mag 'n goeie man wees, maar dit was Broer Branham." Maar nou, wat as iets hier gebeur, en teruggaan in haar lewe, en haar oorsaak hiernatoe bring wat ek nie ken nie en dit vertel? Dan verg dit meer as Broer Branham. Is dit reg? Dit verg 'n bonatuurlike Wese.

159 Die Fariseërs het gesê: "Dis Beëlsebub."

160 Die ware gelowige het gesê: "Hy's die Seun van God." Sal jy glo dit was die Seun van God? Die Here seën jou.

161 Nou, in die Naam van Jesus Christus, neem ek elke gees hierbinne onder my beheer, tot die eer van God. Wees eerbiedig.

162 Nou, dame, hier is ons weer, die eerste keer wat ons ooit in die lewe ontmoet het. As dit so is, steek jou hand op. Ons is waarskynlik jare uitmekaar gebore, myle uitmekaar, baie ouer as jy; hierdie is ons eerste ontmoetingstyd. Maar as die Here God, die Here Jesus wat met 'n vrou by die put gepraat het totdat Hy gevind het waar haar probleem was, en vir haar haar probleem vertel het . . . Jy . . . Het jy ooit daardie storie gelees? En sy het . . . het in owerspel gelewe. En toe Hy dit vir haar gesê het, het sy herken, sy het Hom nie Beëlsebub genoem nie, sy het gesê: "Meneer, U moet 'n Profeet wees. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel."

Hy het gesê: "Ek is Hy, met jou praat."

En sy het in die stad ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man, wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?"

163 Nou, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, sou Hy dieselfde moes optree, want ek het dit duidelik gemaak dat Hy alreeds die genesing gedoen het. Nou, as Hy hier gestaan het, dan is dit alreeds genees as jy siek is, ek weet nie of jy siek is nie, maar as Hy . . . as jy siek is, of as jy in finansiële nood is, as dit 'n geestelike behoefte is, as dit is, o, enigiets, Hy sou dit aan jou kon openbaar as die Seun van God, as die Vader dit aan Hom sou openbaar, want Hy het gesê: "Ek doen niks totdat die Vader My eers wys nie." As Hy dit sal doen, sal jy dit aanvaar?

164 Sal die gehoor dieselfde doen? Die Here seën julle nou. Wees eerbiedig.

165 Jy sê: "Broer Branham, jy rek die tyd."

166 Ja, meneer, ek wag daarvoor, my salwing. As dit nie kom nie, moet ek net, wel, die gehoor verdaag en huis toe gaan, dis al wat ek weet om te doen. Maar as Dit kom, goed.

167 Nou, as die gehoor nog steeds my stem kan hoor, lyk dit of die vrou van my af weggaan. Sy's bewus dat iets aangaan, want haar gees weet dat, om voor 'n man te staan, haar nie so sou laat voel nie. Daardie Engel van die Lig wat julle op die foto sien, is reg tussen my en die vrou. En die vrou ly, waarvoor sy wil hê ek moet bid, is 'n uiterste senuweetoestand waaraan sy ly, en sy het 'n vergrote skildklier innerlik, waarvoor sy wil hê ek moet bid. Dis die waarheid. As dit reg is, dame, wuif jou hand.

168 Glo jy? Nou, wat dit ook al was, ek weet nie; dis op die band. Maar laat haar die beoordelaar wees. Nou, dieselfde Here Jesus wat geweet het waar 'n vrou se probleem was, in die vergange dae, die eerste keer wat hulle ontmoet het, hier is Hy vanaand wat deur Sy Kerk werk. "Ek is die Wynstok, julle is die lote," die lote dra die vrugte. "Klein tydjie, die wêreld sien My nie meer nie," dis hierdie kerktydperk, "maar julle sal My sien," die Kerk in die eindtyd: "want Ek sal met julle wees, selfs in julle in die eindtyd."

169 Nou, jy sê: "Jy het dit geraai, Broer Branham," wat dit ook al was.

170 Net siekte, of iets, beproewing? Goed. Ek het die bandopname kêrel gevra, of dit net beproewing, of siekte was. Laat ons met die vrou praat, sien, dan, sodat dit al die bygelowe van julle sal wegneem. Daar mag iets anders verkeerd wees met haar, ek weet nie.

171 As daar is, moenie daaraan dink nie, gaan net—net, gaan voort, wees jouself, glo net dat jy in Sy Teenwoordigheid is.

172 Ja, die vrou het 'n senuweeagtige skildklier, sy's ook uiters senuweeagtig, sy laat dinge altyd val. En sy het iemand op haar hart, wat 'n bejaarde vrou is, sy het katarakke op haar oë, dis haar moeder. En behalwe dit, het sy 'n kind waarvoor sy bid, en daardie kind het een of ander soort aanvalle, soort van floutes, dis stuiptrekkings. Dis SO SPREEK DIE HERE. Dit is die waarheid, dame, is dit nie? Wuif jou hand as dit waar is. Glo jy dat Christus nou jou versoek beantwoord? Gaan vind dit soos jy glo, en dit sal so wees. God seën jou.

173 "As julle kan glo!" Almal eerbiedig nou, wees eerbiedig. Weet net nie wat kan gebeur nie. Ek wonder of die gehoor bewus is van wat hier is. Nou, julle sal moet erken dis 'n wonderwerk. Hoeveel weet dis 'n wonderwerk? Doen Hy steeds wonderwerke? Nou, dit kan net uit twee bronne kom: die duiwel, of God. Ek wil hê enigiemand moet vir my sê waar hulle ooit 'n duiwel die Evangelie hoor preek het en sondaars vra om tot bekering te kom. Wanneer het julle dit ooit sien werk? Dit doen dit nie. Die Fariseërs het gedink dit was, Jesus het gesê om Daarteen te praat wanneer die Heilige Gees dit gedoen het, sou onvergeeflik wees. Hoeveel weet dit? So wees eerbiedig.

174 Ons is vreemdelinge vir mekaar, ek ken jou nie. As die Here ons God sal openbaar waarvoor jy hier staan, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is, dat Hy opgestaan het uit die dood en vanaand lewe? Jy's hier dat ek kan bid vir 'n—'n plek wat geopereer moet word, dis 'n vergroeisel. Dit is reg. As God vir my sal sê waar daardie vergroeisel is, sal jy glo dat ek Sy profeet is? Dis in jou regterkant. Dis reg. Gaan, glo nou, jy sal nie jou operasie hoef te hê nie.

175 Ek veronderstel ons is vreemdelinge, meneer. Die Here Jesus het eenkeer in Sy bediening nadat so-iets gedoen is, daar was 'n man met die naam van Filippus wat vir Natánael gaan kry het, en vir Natánael na die diens toe gebring het. En daar was twee mans wat ontmoet het, Jesus en Natánael, die eerste keer wat hulle ooit ontmoet het, het Hy gesê: "Jy's 'n goeie, eerlike man." Hy kon 'n skynheilige gewees het, hy kon 'n Mohammedaan gewees het, hy kon, of, 'n aanbidder van 'n afgod gewees het, Jesus het geweet hy was 'n Israeliet, vir hom gesê waar hy was voor hy gekom het.

176 Hierdie is ons eerste ontmoeting. As Jesus bly . . .

177 Wees baie eerbiedig. Die visioen het die man verlaat, het aangekom in die Lig. Nou wees eerbiedig, moet asseblief nie rondbeweeg nie, sien, elkeen van julle is 'n gees, ons werk nie nou met die natuurlike nie, ons werk met geestelike. Elkeen van julle het 'n siel, julle het 'n gees, net een klein ongeloof, julle kan dit voel. Net een klein beweginkie. Dit lyk net asof alles gereed is.

178 "O," sê julle: "Broer Branham, wanneer was dit in die Bybel?"

179 Toe Jesus gegaan het om Jaïrus se dogter op te wek, het hulle almal aangegaan, Hy het hulle almal uit die gebou uitgesit; Hy het 'n man buite die skare gelei, selfs uit die stad uit, hom sy sig gegee.

180 Verlaat deur een of ander rede, meneer, maar Hy's goed, Hy sal terugkeer. As God aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, glo jy dat ek Sy dienskneg is? Jy sal? Hier is Dit weer. Julle is bewus dat daar nou iets aangaan. Jy ly aan iets in jou rug, dis 'n ruggraattoestand, en dit het veroorsaak dat jy baie senuweeagtig is. En jy staan op in die aand met 'n prostaatprobleem, dit het jou laat . . . Daar's die oorsaak van jou senuweeagtigheid. Dis SO SPREEK DIE HERE. Behalwe dit, is jy 'n prediker. Dis korrek. En jy bid vir iemand, 'n kleinseun, geval van polio. Glo jy Dit was God? Vind dit dan soos julle dit geglo het. God seën julle.

181 Ons vreemd vir mekaar?

182 Kom van hierdie dele af . . . Wees baie eerbiedig, moenie twyfel nie, maar glo alles. Hier is dit, dis 'n ou paartjie wat net hier sit, daardie dierbare, ou moeder wat na my kyk, sy ly aan 'n galblaasprobleem. Dis haar mannetjie wat langs haar sit, en hy het 'n brongitis. En daardie man was 'n soldaat, want ek sien hom in die geveg, dra 'n klein, ronde helm. Dis gas wat jou bronchitis

laat kry het, en jy is 'n soldaat van die Eerste Wêreldoorlog, SO SPREEK DIE HERE.

183 Julle moet geloof in God hê. "As julle kan glo!"

184 Wat daar reg agter sit, galblaasprobleme, glo jy dat die Here Jesus jou ook gesond maak, dame met die klein, groen tjalie? Jy het 'n baie snaakse gevoel gehad wat jou getref het toe ek vir daardie dame *galblaas* gesê het, het jy nie? Daar was 'n donker streep tussen julle albei, en dis nou albei oor, julle geloof het julle gesond gemaak. God seën julle.

185 Jesus Christus is dieselfde gister, vandag . . . Julle mense, wie julle ook al was wat geroep is, as ek niks van julle af weet nie, en julle nog nooit in my lewe gesien het nie, steek julle hande op, as dit net daar is. Daar het julle dit. Wat is dit? Ek het nog nooit die mense gesien nie. Wat verteenwoordig dit? Jesus, die Een wat gesterf en weer opgestaan het, en belowe het om in Sy Kerk te wees en dieselfde ding te doen, hier is Hy. Hulle geloof het hulle genees. Julle moet geloof hê en glo.

186 Is jy die dame vir wie daar gebid moet word? Ek ken jou nie, geen manier dat ek jou ken nie. Hierdie is ons eerste keer om te ontmoet, maar God ken jou lewe en jou hart. As Hy iets aan my sal openbaar waarvan jy weet ek niks weet nie, sal jy dit aanvaar, in die wete dat ek en jy in Sy Teenwoordigheid gaan staan een van hierdie dae om rekenskap te gee?

187 Jy het heelwat op-en-af in die lewe gehad, het hard probeer om te oorwin, swart streep agter jou, maar nou, dis nie waaroor jy hier staan nie, jy het jou sondes bely, hulle is onder die Bloed. Maar jy staan hier vir 'n vriend, en daardie persoon is in 'n hospitaal, het pas 'n baba gehad, en sy het een of ander aanval gehad, dis 'n asmatiese toestand, het amper haar lewe geneem, en jy wil gebed hê vir haar. Glo jy dat sy gesond gemaak sal word? Gaan, vind dit so. God seën jou.

Wees net eerbiedig.

188 Aangename kennis, meneer? Die Here God ken ons albei. Jy's 'n man wat baie ouer is as ek. Ek veronderstel hierdie is ons eerste ontmoeting. Sou ek skynheilig genoeg wees om hier te staan, vir 'n man van jou ouderdom, as ek nie gedink het ek kan iets doen, deur Christus wat my help, om jou te help nie, meneer? As my ou pappa sou gelewe het, sou hy omtrent jou ouderdom gewees het, reken ek. Ek sou vanaand enigiets gee om hom te sien, hy het verby die sluier gegaan. Jy sal eendag gaan en ek sal ook. Ek sou net iets doen om die beste te dien wat God my vermoë sou gee om te doen om julle te help.

189 As God aan my sal openbaar, en vir my iets vertel wat in jou lewe is, of iets waarvoor jy hier is, wat jy weet waarvan ek niks weet nie, sou dit jou laat voel asof jy dit kon aanvaar? As Hy weet wat jy was, sal Hy beslis weet wat jy sal wees. As ek sou sê: "O, jy gaan *dit*, *dat*, of die *ander* wees," sou jy 'n reg hê om dit te

betwyfel, maar as Hy vir jou sê wat was, as Hy weet wat was, dan sal Hy sekerlik weet wat sal wees.

190 Jy het hartprobleme. En ek sien jy probeer jou werk doen en jy kniel met jou hand op jou knie, jy het artritis, presies reg, hartprobleem en artritis. Glo jy dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg, meneer? Iemand anders op jou hart. Glo die Here God kan jou vrou ook gesond maak, wat hier by jou is? Sy het 'n ernstige rugprobleem. Dis reg. Dis waar. Mnr. Barker, glo jy dat God jou ook kan gesond maak en jou vrou genees? Gaan vind dit dan so. Prys God.

"As jy kan glo!"

191 Wat as ek jou niks vertel het nie, en jou vertel dat jy genees is, terwyl jy in die stoel gesit het? Sal jy dit glo? Glo jy dit met jou hele. . . ? Gaan net op jou pad, want jy is.

192 Wat as ek vir jou gesê het jy kan jou aandete eet, jou maagprobleem is weg, sou jy dit glo? Gaan, eet.

193 Glo jy dat God diabetes kan genees en jou gesond maak? Hou net aan, sê: "Dank U, Here, maak my gesond." Jy kan dit kry.

Jy moet geloof in God hê.

194 Senuweeagtig en maagprobleme, ook. Glo jy dat God jou gesond maak? Gaan op jou pad, juig en sê: "Dank U, Here."

195 Kom, meneer. Hartprobleme en ly aan 'n bietjie artritis. Glo jy dat God jou gesond maak? Hou net aan loop.

196 Glo jy dat God daardie diabetes vir jou sal genees? Staan dan net op, hou aan, hou aan beweeg, hou aan glo.

197 Kyk hier, jongdame, glo jy God sal daardie vroueprobleem vir jou genees? Gaan net aan.

198 Hartprobleme en senuweeagtigheid, hou net aan beweeg.

199 Asmatiese toestand, gaan net aan, glo God.

200 Kom, meneer. Diabetes is niks vir die Here God nie, gaan net voort, glo met jou hele hart.

201 Wat dink jy, dame? Glo jy God sal jou genees? Glo jy dit met jou hele hart? Glo jy dat ek God se dienskneg is? Ek ken jou nie, ken ek?

202 Nou, net 'n oomblik, asseblief. Daar het iets in die gehoor gebeur. Daardie man, was jy so pas op die platvorm gewees, meneer? 'n Lig omg-. . . Nee, dis die dame reg agter hom op die punt daaragter, wat ly aan inwendige probleme. Glo jy dat God jou sal gesond maak, dame? Staan dan op jou voete en aanvaar Christus. God seën jou. Laat dit dan gaan en verby wees.

203 Daardie bejaarde dame wat daar langs jou sit, sy is bekommerd oor artritis. Sal jy jou hand oorkant op haar lê, dame, die een wat pas genees is? Glo dit nou, dame. Word jy

gesond gemaak, terwyl die seën op die vrou is, sy sal dit aan jou oorhandig.

204 "As julle kan glo, is alle dinge moontlik." Glo julle dit?

205 Wat van jou, jong dame, wat daar sit met jou hand op jou mond, glo jy God kan daardie skildklier vir jou genees, jou gesond maak? Steek jou hand op as jy dit glo.

Ek daag julle geloof uit!

206 Die dame wat langs jou sit, daar huil, sy het maagsere aan haar, en beenprobleme, en hartprobleme. Dis reg, dame. Glo jy God sal jou genees? Steek jou hand op.

Bid. Party van julle raak Hom aan.

207 Hier's 'n klein, ou vroutjie, wat hier sit met hierdie blomme op haar hoed, hand uit, bid. Glo julle God kan vir my sê waaroor sy bid? Liefling, klein, ou moedertjie, sy bid vir 'n seun, kleinseun het polio. Dis reg, is dit nie, dame? God seën jou.

Glo jy God kan vir my sê waaroor jy bid? Hy's God!

208 Is hierdie dame? Is dit . . . ? As God aan my sal openbaar wat jou probleem is, glo jy my? Dankie. Jy het klein sist-swelsels regdeur jou liggaam. Dis reg. Ja. En Hy sal vir jou sê sodat jy seker sal weet, jy het iemand hier by jou wat moet weggaan, neef, wat borsprobleme het. Sê vir hom dis verby. Hy kan huis toe gaan, in elk geval. Dame, jy's 'n Kanadees van New Brunswick. Dis reg. Dis reg. Sê, jy is Mev. Ashfield. Gaan op jou pad en juig.

209 Glo jy God, met jou hele hart? Staan dan op julle voete en gee Hom lof en eer, en elkeen van julle kan op hierdie einste tyd genees word. Steek julle hande op en sing: "Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys."

Here God, Skepper van Hemel en aarde . . . [Leë kol op band. Gemeente sing Ek Sal Hom Prys—Red.]

58-0518 Beproefde Geloof Bring Resultate
Stadsaal
Bangor, Maine V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org